

Sing Vooraf: Psalm 145:1, 12

-1-

U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Konings-eer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.

-12-

Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?... / Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die HEER!
Laat alle vlees vir ewig en altyd / sy Naam verhef so hoog in heerlijkheid!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur
die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 133.

-1-

Hoe goed is dit - 'n huis vol lieflikhede! - / dat broeders woon in onverstoorb're vrede.
Soos salf wat kunstig toeberei, / om Arons hoof 'n sagte geur versprei,
sy baard oordrup en heil'ge kleed deurtrek - / so sal die liefde liefde wek.

Gebed.

Psalm 40:4.

-4-

Net om u wil te doen soos in u Boek / * die wonderskrif wat nooit vergaan -
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande -
al wat ek is en het; / diep in my ingewand
waar liefde-en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Skriflesing: Titus 3.

Teks: Kategismus Sondag 40. Titus 3:3

Ons was haatlik en het mekaar gehaat.

'n Mens wie se verhouding met sy God verkeerd is, openbaar allerhande lelike houdings
teenoor ander mense.

- Geen mens kan hom in die Almagtige God se genade roem, as hy toelaat dat die sonde hom oorheers nie.
- Geen mens kan God dien as hy dink dat hy alles in die lewe met haat en baklei kan regkry nie!
- Geen mens kan op God se liefde aanspraak maak as hy nie die slegste mens met liefde kan verdra en tog na iets goeds in hom soek nie.

Kom ons doen selfondersoek en dink byvoorbeeld aan opmerkings wat ons nogal hoor,
soos:

"Ek wens hy kom iets oor"

"Ek haat daardie persoon"

"Ek kan so-en-so nie vat nie."

Hierdie soort van opmerkings word gebore uit die hart van iemand wat die liefde van die Here nie verstaan nie, en wie se hart nie heeltemal ingegroei het in die liefde van God nie.

Sulke opmerkings is familieledede wat die Bybel as haat en haatlikheid ken. Sulke opmerkings hou ook nie rekening met die vergeldende oordeel van die Here oor ons nie.

- Ek en jy is nie die enigste beelddraers van God nie. Alle mense is. Ook hierdie mense wat ons nie kan "vat" nie.

- Ek en jy moet soek na die beeld van God in hom, en ons moet daarby aansluit, want dit is wat ons met hom in gemeen het.
- Sy beeldskap kan dalk baie verwring wees deur die sonde, maar God bly sy Skepper - soos wat Hy ook ons Skepper is.

Is die teenoorgestelde nie dalk waar nie? Onder mense is daar dikwels sekere lidmate katterig en kwaad vir mekaar. Is dit nie dalk omdat ons eie beeld van God skeefgetrek is, dat ons met 'n ander bots, wie sy beeldskap dalk nog met groter heiligheid as ek kon bewaar nie?

- Paulus skryf hier dat mense wat nog nie die goedertierenheid van God gesien het nie, nie in staat is tot goeie werke nie.
- Hulle is mense wat mekaar belaster.
- Hulle is mense wat onvriendelik is.
- 'n Onbekeerde mens is alewig strydlustig.

Dit is nou nie ek wat so sê nie, dit staan hier in die Bybel geskryf.

Die Here skryf dit juis omdat Hy wil hê dat ons ons van ons strydlustigheid moet bekeer. Ons moet die sagmoedigheid van ons God Jesus Christus aanleer. Anders werk ons met die dood. Ons pleeg moord en verloor ons eie lewe.

Dit is werklik waar!

- Haat is die werk van die Satan. Dit is die direkte teenvoeter van die liefde van God. En hierdie haat is deel van die lis van die duiwel om ons verlei om te baklei en daardeur die beeld van die hel te vertoon.
- Haat beteken dat ons God en Sy liefde verwerp.
- Haat beteken doodeenvoudig dat ons deur God tot die ewige dood veroordeel gaan word.
- Haat teen jou naaste veronderstel dat jy reeds die wortel van doodslag in jou het.
 - Ons lees in Romeine 1:29 dat nydigheid, moord en twis op dieselfde vlak lê.
 - Nydigheid is in wese haat.
 - Vers 30 praat dan ook van haters van God!

Ek lees vir u 1 Johannes 3:15:

Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie.

Hieruit lei ons af dat 'n moordenaar 'n lidmaat van die kerk kan wees. Dalk selfs 'n goeie lidmaat. Maar iemand wat nie die ewige lewe beërf nie, want, omdat hy aanhou om sy naaste te haat, verwerp hy die dood. Sy besit van die ewige lewe is nie blywend nie!

Dit laat 'n gevaarlik vir elkeen van ons brand.

- Ons is somtyds baie onverdraagsaam teenoor mekaar.
- Onverdraagsaamheid en nydigheid is niks anders as haat nie.
- In die oë van die Here is dit moord.

Iemand wat diep gelowig is, worstel voortdurend met sy eie sondes voor God.

- Hy het berou daarvoor en smeeke vir vergifnis en bekering.
- Hy sien as't ware die doderyk, omdat hy besef dat as die Here hom nie in sy sondes tegemoetsnel nie, hy nooit in die ewige lewe kan deel nie.
- So 'n gelowige weet wat die lewe is. Daarom haat hy nie. Hy kan nie iemand haat, terwyl sy eie sondes so groot is nie.

Die van ons wat so onverdraagsaam is met ander se sondes moet hieroor dink, want ons moet nie van ander die volmaakte verwag, maar self nie daarna streef nie.

Ons lees in Efesiërs 1 dat die Here voor die grondlegging van die wêreld sekere mense in Hom uitverkies het. Dit is nou ons.

- Hy het dit ook voorbeskik dat Hy ons as Sy kinders sou aanneem deur Jesus Christus.
- God se liefde bepaal dus dat ons aan Hom behoort, en dat dit absoluut onmoontlik is dat ons van Hom vervreemd kan word.

U onthou mos goed hoe dit gebeur het:

- Jesus Christus het na die aarde toe neergedaal.
- Hy het gekom met die liefde van God. Daarom kom gee Hy Sy lewe vir ons, sodat ons ook die ewige lewe kan hê.
- Hierdie liefde van God is dieselfde as God se geregtigheid. Dit raak dus die wese van God.
 - Maar nou bepaal **die liefde van God vir Jesus Christus** dat die wat Hom nie aanvaar nie en nie aanbid nie, verlore gaan.
 - **God se geregtigheid** bepaal dat Christus vir ons sterf maar vir die engele is daar nie versoening moontlik nie.
 - Sy **geregtigheid** bepaal dat almal gestraf word wat ongelowig is, of wat ontrou is in hulle godsdiens.

Dit alles raak die kwessie van haat en moord.

- Jy moet iemand in liefde gaan vermaan as hy jou te nakom.
- Met soveel liefde, dat jy hom in jou vermaning teruglei na Jesus Christus toe.
- Dan volg jy ook in die voorbeeld van Christus.
- As jou optrede en jou gesindheid teenoor jou naaste gedring word deur die liefde van God, is dit onmoontlik dat jy katterig kan wees teenoor 'n ander mens. Of erger nog: dat jy Hom kan haat!

Ons lees in Titus 3:5 dat God ons

- deur Sy barmhartigheid gered het,
- en dat Hy ons wedergebore laat word het,
- en dat Hy ons laat vernuut het deur die Heilige Gees.

Dink nou vir uself hoe iemand sal optree wat al hierdie gawes van God ontvang het? Skaad hy sy naaste met gedagtes, woord of met dade? Hoor wat sê ons Here Jesus: Matteus 5:22

Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broer sê: Raka! moet verantwoordig doenvoor die Groot Raad; en elkeen wat sê: jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur! So sê die Here!

- Jy mag nie sonder rede kwaad wees vir iemand nie.
- Jy mag ook nie kwaad wees sonder dat jy die saak probeer regstel nie.
- En jy mag nie skel op jou naaste nie.
- Nie eers iets slegs dink nie!

By Jesus se gevangening wou Petrus mos net veg. Toe sê Jesus dat hy liever sy

swaard moet bêre, want iemand wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan. Die beter manier van optree, is deur liefde en selfbeheersing.

Jesus leer ons met die volgende woorde: Matteus 5:25

Wees gou goedgesind teenoor jou teenparty solank jy nog saam met hom op die pad is, ...

Jesus leer iets soortgelyks waar Hy vertel van die onbarmhartige skuldeiser wat swaar deur sy baas gepynig was, totdat hy al die skuld betaal het wat aan hom verskuldig was. Matteus 18:35 leer ons:

So sal ook my Hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie.

Geliefdes, volgens wat die Here hier sê, kan ons mos nie vir jou naaste lief wees as jy van hom loop en skinder nie.

- Of as ons alewig net loop en kritiseer nie!
- Veral nie as dit binne ons bereik is om te help om die dinge wat ons kritiseer, uit te stryk nie!

Hoe moet ons dan teenoor ons naaste optree? Romeine 13:14 gee die antwoord:

Maar beklee julle met die Here Jesus Christus en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie.

Ons mag nie die kwaad 'n vastrapplek gee nie.

- Leef in liefde, en vergewe in liefde.
- Dit is ook wat die Heilige Gees aan ons preek: Moenie dat die son oor jou toorn ondergaan nie!
- Die Gees preek dat ons ons naaste se eer in liefde moet beskerm. Dus: Hy sê dat ons nie mag haat en doodslaan nie.

Dit is ook waarvoor Christus gesterf het.

- Sodat ons in Sy krag kan vergewe en in liefde verdra.
- Sodat ons kan lewe soos wat ons laat lewe;
- en vergewe soos wat ons vergewe word.

Alles draai om die sesde gebod. Dit is die gebod wat ons so maklik oortree, maar luister wat leer die Heidelbergse Kategismus hieroor: Lees vraag 105, 106 en 107.

Vraag 105: Wat eis God in die sesde gebod?

Antwoord: Ek mag nie self en ook nie deur iemand anders my naaste onteer, haat, beledig of doodmaak nie. Ek mag dit nie met my gedagtes, woorde of gebare doen nie en nog minder met die daad (a). Ek moet alle wraaksug laat vaar (b). Ek mag ook myself nie kwaad aandoen of moedswillig in gevaar begewe nie (c). Daarom dra die owerheid die swaard om doodslag te weer (d).

(a) Matt 5:21, 22; 26:52; Gen 9:6. (b) Ef 4:26; Rom 12:19; Matt 5:25; 18:35. (c) Rom 13:14; Kol 2:23; Matt 4:7. (d) Gen 9:6; Eks 21:14; Matt 26:52; Rom 13:4.

Vraag 106: Praat hierdie gebod net van doodmaak?

Antwoord: Deur doodmaak te verbied, leer God ons dat Hy die wortel daarvan (a), soos afguns, haat (b), woede (c) en wraaklus verafsku.. Dit alles is vir Hom heimlike moord (d).

(a) Spr 14:30; Rom 1:29. (b) 1 Joh 2:11. (c) Jak 1:20; Gal 5:19-21. (d) 1 Joh

3:15.

Vraag 107: Het ons die gebod gehoorsaam as ons maar net nie ons naaste doodmaak, soos hierbo gesê is nie?

Antwoord: Nee, terwyl God afguns, haat en woede verbied, gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onself (a). Ons moet teenoor hom geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik wees (b), alles wat hom kan benadeel, sover moontlik probeer voorkom (c) en selfs aan ons vyande goed doen (d).

(a) Matt 22:39; 7:12; Rom 12:10. (b) Ef 4:2; Gal 6:1, 2; Matt 5:5; Rom 12:18; Luk 6:36; Matt 5:7; 1 Pet 3:8; Kol 3:12. (c) Eks 23:5. (d) Matt 5:44, 45; Rom 12:20.

Amen.

Slotgebed

Ons pleit Here, op U barmhartigheid. Ons smee U om met U liefde en trou rondom ons te bly. Ons is in stryd, want die sonde oorval ons van ver en van naby. Ons insigte en gedagtes is afgemat as gevolg van ons sondes. Skenk ons oog die glans soos die wat U sien, sodat ons die eindeloosheid van die sondes kan oorwin met die krag en moed van ons Here Jesus Christus.

Amen.

Slotpsalm 128:1

-1-

Wie deur Gods vrees bewoë, / trou op die weg wil gaan,
waar hom Gods wil voor oë / en klaar getekend staan -
die arbeid van sy hande / sal hy met vreug geniet
wanneer die koringlande / met seen hul opbrings bied.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 16 November 2014